



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2016**

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**



---

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:  
AFDELING A: Leesbegrip (30)  
AFDELING B: Opsomming (10)  
AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)
2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Trek 'n streep ná elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
10. Voorgestelde tydsindeling:  
AFDELING A: 50 minute  
AFDELING B: 30 minute  
AFDELING C: 40 minute

**AFDELING A: LEESBEGRIP****VRAAG 1**

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS 1: ARTIKEL****ONS JEUG GEE OM**

*Hulle dra dalk nog skoolklere en het draadjies op hul tande, maar doen reeds hul deel om die wêreld 'n beter plek te maak. Toebroodjie vir toebroodjie en baksteen vir baksteen.*

- 1 Jenna Lowe was ernstig siek, maar het nietemin duisende lewens gered met haar "Get Me To 21"-veldtog – om meer orgaanskenkers te werf. Sy was net 17 toe sy met 'n seldsame longsiekte gediagnoseer is. Geskok omdat so min Suid-Afrikaners, tuiste van die eerste hartoorplanting, as orgaanskenkers geregistreer is, het haar veldtog begin. Haar enigste kans om te leef was om self 'n dubbele longoorplanting te kry. Enkele maande voor haar 21ste verjaardag is sy oorlede weens komplikasies. Haar gesin sit haar veldtog voort. Jenna se sosiale bewussyn is nie bloot uit nood gebore nie. As klein meisietjie het sy al gesê dat sy 'n verskil in mense se lewens wil maak. Op 8 het sy 'n kinderboek, *The Magic Bissie Tree*, geskryf. En 'n groot persentasie van die opbrengs geskenk aan rolstoel vir kinders, vertel Gabi, haar ma.
- 2 Dis 'n generasie met harte op die regte plek – die sogenaamde Generasie Z, rofweg gebore van die middel-negentigs tot nou. Hulle kry dalk nog sakgeld, maar wil reeds van die wêreld 'n beter plek maak. En dan spring hulle self in, doen self iets. Soos Malala Yousafzai, die Pakistanse aktivis wat verlede jaar op 17 die jongste wenner nog van die Nobelprys vir Vrede geword het, ons eie Jordan van der Walt, op 15 die enigste kind om as finalis in die Africa News Network se Suid-Afrikaner van die Jaar aangewys te word, se woorde "As ons almal ons deel doen, sal die land geen gelyke hê nie. Ons kan die wêreld 'n beter plek maak. Selfs al is dit net die klein meisietjie of seuntjie wat jy elke dag op pad skool toe in die stof sien speel, wat gedwing word om vir geld of kos te bedel. Maak 'n ekstra toebroodjie, skenk jou ou klere en speelgoed."
- 3 Reeds as 10-jarige het hy voorgestel dat sy skool eerder meel moet insamel vir minderbevoorregtes in plaas van Paaseiers. Jordan is 'n gewilde gasspreker met 'n handvol toekennings, waaronder die aanwysing as eerste nasionale held van LeadSA, 'n inisiatief wat Suid-Afrikaners aanspoor om 'n verskil te maak, en 'n toekenning vir filantropie van die Inyathelo-instituut vir vooruitgang. 'n Opvoedkundige storieboek oor sy veldtog, *Net een sak meel*, is ook vir graad 2's voorgeskryf. Sy tantième het hy aan die TLC-kinderhuis in Johannesburg geskenk.

- 4 Jou vermoë om 'n verskil te maak word nie bepaal deur jou ouderdom of hoeveel geld jy het nie, maar veel eerder deur jou wil om te help. Jy kan enige iets doen as jy 'n groot genoeg hart, liefde en passie het. Dit moet deel van ons almal se lewe wees, sommerso terloops, ongeag jou ouderdom. Dis elke mens se verantwoordelikheid om by minstens een liefdadigheidsprojek betrokke te wees, is 'n paar bewonderenswaardige jongmense se lewensfilosofieë.
- 5 Daar word nie verniet na hulle as die “ons-generasie” verwys nie. Teenoor die “ek, ek, ek”-selfgesentreerdheid van die *millennials*, die generasie wat hulle s'n voorafgaan. Generasie Z het 'n sterk bewussyn van maatskaplike probleme, hulle is meer bewus van hul omgewing en hoe hul keuses 'n impak op die wêreld het. Voorheen het jongmense soos passiewe toeskouers gevoel, aan't wag om grootmense te word.
- 6 Dit het verander. Hulle is vol selfvertroue dat hulle die wêreld kan verander. Dis danksy die tegnologie reken verskeie kenners omdat hulle groot word met tegnologie as eerste taal. Dis vir hulle maklik om in kontak met mekaar en die res van die wêreld te wees. Dit verwyder struikelblokke wat in die verlede ons empatie verwater het: soos lands-, taal- en kultuurgrense. Hulle voel dus sterker as vorige generasies oor onregverdighede. Dit maak nie saak of dit iewers in die wêreld of by bure gebeur het nie. Hulle wil iets daaraan doen. Dis 'n generasie met onafhanklike en vernuwende denkers wat self inspring en help eerder as om van liefdadigheidsorganisasies te verwag om leiding te neem. Hulle word die “stem van die haweloses en stemloses.”
- 7 Die groep se digitale vaardighede gee hulle die vermoë om in wisselwerking te wees met die wêreld en ander aktiviste soos nog nooit voorheen nie. Filantropie is vir vandag se jonges baie anders as vir vorige generasies. Met slimfone koester hulle die internet in die palm van hul hand. Hulle is ingelig oor die wêreld se probleme en werk saam met ander oor landsgrense heen om iets daaraan te doen. Baie jeugprogramme, leierskapkursusse en selfs universiteits-toelatingsvereistes vir sekere kursusse vereis boonop van jonges om gemeenskapswerk te doen. Die sosiale netwerke maak hulle bewus daarvan dat jy nie noodwendig geld, borge en sterk infrastrukture nodig het om 'n verskil te maak nie. Kreatiewe denke, klein idees en 'n hart wat omgee, is meer werd as 'n groot droom waaraan jy nooit iets doen nie.
- 8 Die ingesteldheid van die sogenaamde klik-aktiviste is interessant. Mense gebruik veldtogte op sosiale media byna as 'n aanduiding van identiteit.
- 9 Dit verg 'n dorp om 'n kind groot te maak, maar dit verg 'n besondere kind om 'n dorp te verander, het Gabi, Jenna Lowe se ma gesê by haar roudiens. En met soveel jonges wat uitreik na ander, word die ganse wêreld sommer 'n beter plek.

[Aangepas uit *Sarie*, Desember 2015]

- 1.1 Verduidelik die ironie in die eerste sin van paragraaf 1. (1)
- 1.2 Verduidelik waarom Jenna haar veldtog begin het. (2)

- 1.3 Is die volgende 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord.  
Jenna se "Get me to 21-veldtog" was suksesvol. (3)
- 1.4 Is die volgende stelling waar of onwaar? Motiveer jou antwoord.  
Jenna het reeds vanaf 'n baie jong ouderdom 'n sosiale bewussyn ontwikkel. (2)
- 1.5 Wie word by Generasie Z ingesluit? (1)
- 1.6 Maak jongmense werklik 'n verskil op wêreldverhoë? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.7 Bespreek waarom ons waarde kan heg aan Jordan van der Walt se woorde. (2)
- 1.8 Verklaar watter faktore mense se sosiale betrokkenheid bepaal. (3)
- 1.9 Noem TWEE groot verskille tussen die "millennials" en Generasie Z. (2)
- 1.10 Watter afleiding kan jy uit paragraaf 6 maak oor die voordele van tegnologie wat jongmense se lewensuitkyk beïnvloed? (4)
- 1.11 Stem jy saam met die skrywer se standpunt in paragraaf 6 dat jongmense die "stem van die haweloses en stemloses" word? (1)
- 1.12 Verduidelik hoe die begrip filantropie die afgelope dekades verander het. (3)

**EN**

## TEKS 2: VISUELE TEKS



**WAT HY OOK AL GAAN  
DOEN AS HY GROOTWORD,  
HY GAAN GROOTWORD  
TE DANKE AAN JOU**

Ons kan soms die wonderlikste dinge laat gebeur – selfs al is ons nie daar om dit te ervaar nie.

En dit is presies wat 'n nalatensgeskenk aan Die Kinderhospitaaltrust in jou testament kan doen. Dit kan kritieke sorg verskaf aan klein pasiëntjies in die sale van die Rooikruis Oorloggedenhospitaal vir Kinders. Dit kan betaal vir nuwe mediese toerusting, hospitaalfasiliteite opgradeer en professionele mediese opleiding verskaf. Dit kan ook help om kinderlewens te red, soos dié van Keano Rhodes, sodat hulle 'n lewende voorbeeld kan wees van jou nalatenskap.

**Sluit aan by ons Circle of Life.** Maak Die Kinderhospitaaltrust 'n begunstigde in jou testament en laat iets na vir die kinders by die Rooikruis Oorloggedenhospitaal vir Kinders.

Skakel +27 21 686 7860 of besoek [www.childrenshospitaltrust.org.za](http://www.childrenshospitaltrust.org.za)



\* Kinderhospitaaltrust doen fondsinsameling vir die Rooi Kruis-oorloggedenhospitaal vir Kinders en Kinder-Gesondheidsorg. Die Kinderhospitaaltrust is 'n onafhanklike liefdadigheid (PBO Nr. 930 004 493) en werk in vennootskap met die Wes-Kaapse Regering-Gesondheid, wat die lopende koste van die Hospitaal finansier.

- 1.13 Watter ooreenstemming is daar tussen die eerste 4 reëls van Teks 2 en die subopskrif sowel as paragraaf 4 van Teks 1? (1)
- 1.14 Wat is die impak van die gebruik van die lettertype en -grootte van die eerste vier reëls van Teks 2? (2)
- 1.15 Waarom word daar van hierdie spesifieke foto gebruik gemaak? (1)
- 1.16 Waarom is die woordkeuse "Circle of Life," by die gebruik van hierdie advertensie so gepas? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2**

1. Lees die onderstaande teks en maak 'n opsomming van **SEWE wenke hoe om verantwoordelik met ons selfone en sosiale media om te gaan.**
2. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in 'n duidelike, sinvolle **paragraaf** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
3. Moenie jou opsomming 'n titel gee nie.
4. Dui die **getal woorde** wat jy vir die opsomming gebruik het.

**SELFOONGEBRUIK OF SELFOONMISBRUIK?**

Baie mense dink die digitale ruimte is soos hul eie woonplek waar húl reëls geld. Selfs sonder enige navorsing weet die meeste van ons dat ons te veel met ons selfone doenig is. Hoe dan nou gemaak om weer balans te vind en gehaltetyd terug te bring in jou gesin sonder die gepiep van 'n selfoon?

Stel selfoonvrye sones in die huis vas byvoorbeeld in die kuiervertrekke soos die kombuis en eetkamer. Dit gaan aanvanklik moeilik wees, maar sal mettertyd makliker word. Wees streng hiermee en stel 'n voorbeeld vir jou kinders.

Wees ook streng met jou tyd. Daar is deesdae oulike toeps wat jy op selfone en tablette kan installeer wat sekere funksies afskakel tussen die tye wat jy kies. Laat kinders by 'n partytjie hul fone in 'n boks sit en dit na die tyd terugkry. Stel ook sulke reëls vas vir kuiers met jou vriende. Sit dus jou foon neer en kuier met jou vriende! Foonvrye tye is belangrik.

Ons vergeet soms dat ons die beste lesse leer wanneer ons pret het. Maak 'n speletjie daarvan om selfone minder te gebruik. Laai byvoorbeeld almal se selfone vol en kyk wie se foon het aan die einde van die dag die meeste batterylewe oor. Kom ooreen op 'n lekker prys vir die wenner!

Besluit saam wat is aanvaarbare digitale gedrag en besluit saam wat julle op sosiale media gaan deel. Stel gesinsreëls vir sosiale media op. Kriteria kan die volgende insluit: Is die inligting waar? Is dit in belang van die mense met wie ek dit deel? Kan dit iemand in die verleentheid stel of is dit lasterlik? Sal ek op 'n verhoog staan en dit voor 'n duisend mense sê? As dit nie aan dié kriteria voldoen nie, los dit eerder. Besluit ook as gesin watter soort foto's julle op sosiale media wil deel.

Gaan deur al jou sosiale media-profiële en dateer dit op. Kyk watter privaat inligting vir jou kontakte beskikbaar is. Maak seker hulle kan nie jou adres en selfoonnommer sien nie. Gaan deur jou vriende en volgers. Dalk is dit tyd om sekere van jou "vriende" te verwyder omdat jy nie met hulle geassosieer wil word nie.

As jy dit nie reeds doen nie, maak 'n sekerheidskopie (*back-up*) van jou data en foto's. Stoor dus jou data. Maak ook jou foon skoon van foto's en data sodat jy met 'n skoon foon kan begin. Gaan ook deur al jou toeps en kyk watter jy nie meer gebruik nie.

Maak jou foon gereeld skoon met 'n antibakteriese klamlappie aangesien jou selfoon oral met jou saamgaan – ja, soms selfs toilet toe ook!

[Aangepas uit: *Vrouekeur*, 1 Januarie 2016]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

1  
2  
3

DDP SA 43960/A

# KONINKRYKE SAL VOOR JOU NEERBUIG



4  
5  
6  
7  
8

Ons toegewyde draaiboekskrywers doen bobaaswerk om jou die beste SABC-dramas en – vermaaklikheid te bring. Ons doen dit en nóg meer elke dag op TV en radio om jou ingelig te hou, die beste in opvoedingsprogramme te bied en jou te vermaak.

DIS ALLES VIR JOU



3.1 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie?

(1)



- 3.2 Gee die verkleiningsvorm van die woord in reël 1. (1)
- 3.3 Skryf die opskrif oor in die toevoegende wyse. (1)
- 3.4 Wat is die funksie van draaiboekskrywers en hoe verskil dit van kopie-skrywers? (2)
- 3.5 Verander die emotiewe woord wat onderstreep is in reël 4 na 'n neutrale woord. (1)
- 3.6 Waarom word daar 'n koppelteken gebruik by die onderstreepte woord in reël 5? (1)
- 3.7 Benoem die aksentteken in die onderstreepte woord in reël 6. (1)
- 3.8 Dui die infinitief in die eerste sin van die onderste paragraaf, reël 4 en 5, aan. (1)
- 3.9 Is die onderstreepte woord in reël 7 'n voorbeeld van 'n samestelling, afleiding of samestellende afleiding? (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIES

Die onderstaande vrae is op die strokies gebaseer:



[Bron: Ben, Babsie en Familie deur Keith en Lorna Stevens]

- 4.1 Gee die sinoniem van die onderstreepte woord in raampie 1. (1)
- 4.2 Gebruik die wisselvorm van die donker, vetgedrukte woord in raampie 1 in 'n verduidelikende sin. (1)
- 4.3 Wat is die geïmpliseerde betekenis van Ben se woorde in die tweede sin van raampie 1? (1)
- 4.4 Skryf die eerste sin in raampie 2 oor in die indirekte rede. (1)
- 4.5 Aan watter klankverskynsel maak Ben hom in raampie 4 skuldig? (1)
- 4.6 Verduidelik die betekenis van die onderstreepte woord in raampie 4. (1)

- 4.7 Identifiseer die voorwerpsin in raampie 6. (1)
- 4.8 Verduidelik die betekenis van die idioom in die eerste sin van raampie 7. (1)
- 4.9 Wat kan jy uit Ben se lyftaal in raampie 8 aflei? (1)
- 4.10 Wat kan jy uit Babsie se woorde in raampie 8 aflei? (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Beantwoord die vrae wat op die teks gebaseer is.

**Glo dit maar (5.1): skoonheid het pas 'n suikertand ontwikkel**

- 1 Dink aan luukse pamperlangsessies en ruik die heerlike aroma van sjokolade, koffie en vanielje. Navorsing sê dié lekkernye beskik oor 'n magdom elemente – soos antioksidante en teenverouderingselemente – wat jou vel op sy heel beste laat lyk. Jy hoef nie meer jou begeerte na hierdie lekkernye te onderdruk nie – gee jou oor sonder 'n sweempie skuldgevoel. Sjokolade-liefhebbers glo al jare hierdie donker soetheid skep 'n gevoel van geluksaligheid en sensualiteit. Dit het ook 'n kalmerende uitwerking en lig jou gemoed. Deesdae span selfs die skoonheidswêreld sjokoladebehandelings in veral as jy jou voorkoms 'n vinnige hupstoot wil gee.
- 2 Kakaoboter word (5.4) ontgin uit die vet rondom die sjokoladeboon en is lank reeds 'n gewilde bestanddeel in lyfreme. Hierdie romerige vet verminder die voorkoms van littekens en is uitstekend vir 'n droë vel. Dit is boonop 'n natuurlike (5.6) preserveermiddel en (5.7) ruik wonderlik. Navorsing wys donker sjokolade beskik oor twee keer die antioksiderende krag van rooiwyn.
- 3 Vanielje het 'n euforiese effek op die brein, voorkom lomerigheid en help om die bloedsomloop te verbeter. Die spesery is 'n bekende gesig in die kombuis, maar die skoonheidsbedryf word al hoe meer bewus van sy veelsydigheid. Dit het 'n (5.8) (kalm) uitwerking op die senuweestelsel en kan help om emosionele stres te verlig. Navorsing het getoon vanielje kan jou help om gewig te verloor deurdat dit help om kosdrange in toom te hou. Vanielje is ook 'n opbeurende geur.
- 4 Vir baie van ons is dit byna (5.9) ondenkbaar om jou dag sonder koffie te begin. Die koffieboon waarin die boon voorkom, word gereken as een van die kragtigste antioksidante in velsorg en bevat baie van dieselfde elemente as groentee en granate, beide bekend vir hul suiweringsvermoë. Kafeïen verfris jou vel sagkens, kalmeer 'n geïrriteerde vel en is 'n wapen teen selluliet deur vetselle te verklein. Boonop het kafeïen 'n natuurlike herstelvermoë wat meer en meer benut word.
- 5 So, gee jou gerus oor aan hierdie soete verleidings ...

[Bron: Aangepas uit: *Sarie*, – Junie 2010]

5.1 Wat is die funksie van die dubbelpunt in die opskrif?

(1)

- 5.2 **pam per lang'** ww. (gepamperlang) 1 Flikflooï, witvoetjie soek, deur vleiery verkry: 'n *Dogter wat by haar pa pamperlang totdat sy haar sin kry.*  
2 Verwen, vertroetel: *Jou kleinkinders pamperlang.*  
Gebruik bostaande uittreksel uit die *HAT* (2009) om die vrae te beantwoord.
- 5.2.1 Watter betekenismoontlikheid van *pamperlang* is van toepassing in paragraaf 1? (1)
- 5.2.2 Skryf die lettergreep neer waarop die meeste klem in *pamperlang* val. (1)
- 5.3 Wat is die funksie van die parentese in paragraaf 1? (1)
- 5.4 Wat is die betekenis van die onderstreepte voorvoegsel van die woord in paragraaf 2? (1)
- 5.5 Identifiseer die spelfout in paragraaf 2 en skryf die gekorrigeerde woord neer. (1)
- 5.6 Verduidelik die betekenis van die onderstreepte woord in paragraaf 2. (1)
- 5.7 Skryf die homofoon van die onderstreepte woord in paragraaf 2 neer en maak 'n duidelike sin daarmee. (1)
- 5.8 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies in paragraaf 3 neer. (1)
- 5.9 Gee die basisvorm van die onderstreepte woord in paragraaf 4. (1)
- [10]

**TOTAAL AFDELING C: 30**  
**GROOTTOTAAL: 70**